E-Musiek EPK:

witkind

BAND STORY

"Erik Liebenberg het reeds van kindsbeens ‘n belangstelling in musiek getoon. Terwyl die ander kinders buite gespeel het, het hy dikwels “ lugkitaar” gespeel op die maat van klassieke rock albums wat gestrek het vanaf Hendrix tot Pink Floyd. Van elf jarige ouderdom het hy klavierlesse geneem, maar het eers op sewentien sy "wapen van keuse", die elektriese kitaar, gevind. As‘n teruggetrokke leerder tydens sy skooljare, het hy het dikwels tuis gebly om liewer sy musiek-vaardighede op te skerp. Soos enige aspirant 18-jarige musikant het Erik in talle "garage bands" gespeel. Sy eerste werklike betekenisvolle orkes was ‘Blouklip’ , ‘n Afrikaanse "blues-rock” orkes wat nasionale sukses behaal het en destyds by elke fees regoor die land te sien was. Hier was hy die hoof kitaarspeler en het in 2002 en 2003 saam met Karen Zoid en Disselblom getoer. Blouklip is uiteindelik ontbind weens "politiek". Erik se volgende projek was ‘n toetslopie vir sy eie musiek. Die groep was gestig in 2003 onder die naam “ The Familiars”. Hierdie orkes het vinnig opgang gemaak en sommer gou was hulle die openingsnommer vir van die grootste name in die Suid-Afrikaans musiekbedryf. Een van hulle hoogtepunte was om die eindrondte van Tempo’ s Emerging Sounds" kompetisie in Johannesburg te haal. Later daardie jaar is hulle uitgenooi om saam met ander opkomende orkeste in Hong Kong op te tree, tydens ‘n Nuwejaarsaand geleentheid. Ongelukkig het hulle hulle sanger ‘n paar maande voor daardie geleentheid verloor en is die orkes afgeskaal na ‘n "drie-man orkes" en kon gevolglik nie deelneem nie. Hierdie ramp het hulle vir ‘n

STATS

Visits	Plays
1,110	56
Streams	**Downloads**
56	0

Featured Songs

aantal maande buite aksie gelaat totdat hulle in 2006 as 4QueenZ hergroepeer het, nog steeds ‘n drie-man orkes. Nou het liedjieskrywer en hoofkitaarspeler Erik Liebenberg ook die rol van sanger oorgeneem. Alhoewel hulle op daardie tydstip slegs ‘n "demo" CD gemaak het, het hulle in 2006 ‘n volle studio opname van hulle liedjie "Go home" gemaak asook ‘n meesterkopié.In 2007 het die lied “ Go Home” sy debuut op die Switserse radio gemaak, voordat dit in Suid-Afrika vrygestel is.Gedurende daardie jaar het hulle oral opgetree en was ook die "main line event" by die Nasionale Binneshuise Krieket kampioenskappe se openingseremonie. Teen Kersfees is nog twee liedjies opgeneem en is meesterkopie daarvan gemaak, naamlik "A little too late" en "Hollywood". 2008 was ‘n voorspoedige jaar! Hulle wen die provinsiale "Battle of the Bands" en asook ‘n 5 liedjie professionele opname kontrak. Twee maande later vorder hulle tot die jaarlikse "RP Studios" (‘n afdeling van SABC) se "National Battle of the Bands". Hierdie bekende kompetisie het groepe soos "Seether’ en "Prime Circle" gehelp om te kom waar hulle vandag is. Alhoewel hulle nie met die eerste prys weggestap het nie, net soos Seether en Prime Circle voor hulle, is hulle ook nie met leë hande weg nie: hulle wen weereens ‘n gratis opname, maar hierdie keer met waarskynlik die grootste opname studio in Suid-Afrika of dalk die suidelike halfrond, die SABC Studios! In November 2008 word hulle eerste lank-verwagte studio album, "Malicious Epiphany" vrygestel in Suid Afrika. "Just leave me alone", ‘n opname uit hierdie album debuteer op Suid-Afrikaanse en Kiwi radio stasies gedurende Desember 2008/Januarie 2009. Die opname het ook volle ster status op Jakaranda FM se “ demo stasie” gedurende einde 2009 behaal. Vanaf die einde van 2008 tot laat in

Vanaf die einde van 2008 tot laat in 2009 het Erik in Auckland, Nieu Zeeland gewoon terwyl hy aan sy eerste Afrikaanse album gewerk het. Hy het beplan om as solo kunstenaar na sy geboorteland terug te keer, wat hy dan ook gedoen het. So is Witkind gebore - ‘n oorspronklike Afrikaanse groep - wat uit net een lid bestaan: Erik Liebenberg. Wanneer Erik nie alleen met die akoestiese kitaar tydens vertonings optree nie, maak Witkind gebruik van sessie musikante vir lewendige optredes. Erik Liebenberg is ‘n oorspronklike, insigvolle liedjieskrywer met ‘n oor vir musikale briljantheid. Nie alleen is hy ‘n fenomenale kitaarspeler nie, (van rock tot klassieke kitaar) maar hy is ook vaardig met die baskitaar, klawerbord of agter die tromme! Ook moet daar deeglik kennis geneem word van sy vokale vermoeë wat uniek en opwindend is. Alles wat jy op ‘n Erik Liebenberg Album hoor, is geheel en al volledig deur hom gekomponeer. Hy skryf sy lirieke vanuit persoonlike ondervinding en hou daarvan om plek-plek ‘n effense komiese aanslag daaraan te gee. Hy glo in eerlike musiek en om ‘n boodskap van hoop uit te beeld. Musiek is Erik se hele lewe. "Hiervoor, en hiervoor alleen, is ek gebore," het hy by geleentheid gesê. Erik het ongeëwenaarde ambisie, ‘n grootste visie en ‘n persoonlike missie in die vermaaklikheidsindustrie en is terdeë bewus van die moeilike, lang, lang pad wat hy betree het."

LATEST NEWS

For additional information please contact us
©2012 E-Musiek